Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 7, Nr 2, 1977. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# MOSAMBIEK: DIE ONTWIKKELING VAN DIE INSURGENTE STAAT

MAJ P.O. VERBEEK

**When Frelimo came to power on 21 June 1975 the transformation of Mocambique into an insurgent state was completed. The development of an insurgent state is not spontaneous but usually starts in a region characterised by its opposition towards the 'de Jure' government or its lack of political stability. Once the insurgent movement is established — in the case of Mocambique the movement originated in the northern province of Cabo Delgade — it is carried to the other regions of the target territory. Not all the regions infiltrated are usually in favour of insurgency and there is resistance in many cases. This resistance may be co-ordinated with the practical aid of the ruling government and can hinder the growth of such a movement. In the case of Mocambique the revolution in Portugal led to the withdrawal of the Portuguese troops, leaving those tribes opposed to Frelimo's insurgency without any military aid at all. Frelimo realized the predicament and seized this golden opportunity to consolidate its forces, and take over the state.**

## Inleiding

Met die onafhanklikheidswording van Mosambiek op 21 Junie 1975 het die eertydse insurgente organisasie Frelimo die bewind oorgeneem. Hierdie gebeurtenis dui daarop dat die beweging in sy doel geslaag het naamlik om stelselmatig sy invloed en beheer dermate oor die hele Mosambiek uit te brei totdat hy uiteindelik die hele gebied beheer.

Die uitbreiding van die invloed en beheer van 'n insurgente organisasie is deur R.W. McColl[1] as die ontwikkeling van die insurgente staat beskryf. McColl dui aan dat gebiedsbeheer deur die insurgente-organisasie die begin van die ontwikkeling van die insurgente staat binne die *de jure* gebied van die teikenstaat is. Namate die insurgente groter dele van die teikenstaat se grondgebied beheer, groei die grondgebied van die insurgente staat of antistaat. Sodra die insurgente organisasie die vorige bewind vervang, het die grondgebied van die insurgente staat aangegroei om dié van die teikenstaat ten volle in beslag te neem.

Die ruimtelike ontwikkeling van die insurgente staat in Mosambiek sal vervolgens aangedui word. Die beeld wat geskep word, is kwalitatief van aard, sodat die gebrek aan amptelike informasie nie die uiteindelike gevolgtrekkings sal beïnvloed nie.

## Die Begin van Insurgensie

Die eerste nasionalistiese organisasies wat hulle vir onafhanklikheid in Mosambiek beywer het, is in 1960 gestig, terwyl die belangrikste groepering naamlik Frelimo, eers teen 1962 plaasgevind het.[2] Die eerste georganiseerde geweld het in 1964 in die bosryke noordelike provinsie van Cabo Delgado onder leiding van Frelimo plaasgevind. (Kaart 1.) Hierdie aanvanklike insurgensiegebied was in die stamgebied van die Makonde wat deur die grens tussen Tanzanië en Mosambiek in twee verdeel word. (Kaart 2.)

Uitbreiding het hiervandaan na die noordweste van Mosambiek plaasgevind. Dele van die Niassa-distrik langs die Malawimeer is geaktiveer terwyl uitbreiding suidwaarts in die Yao- en Nyanja-gebied plaasgevind het. Intussen het ook 'n suidwaartse infiltrasie langs die kus in die Swahili-gebied gevolg. In alle gevalle het die suidwaartse insypelingsbewegings hewige teenstand ondervind.

Teen 1970 het die teeninsurgensie-maatreëls die insurgensie-optrede in die Niassa- en Cabo Delgado-provinsies feitlik tot stilstand gedwing. In 1971 het 'n verandering in die situasie plaasgevind deurdat 'n nuwe front in the Tetegebied aan die Zambiese grens geopen is. Dit het met 'n nuwe offensief in Cabo Delgado saamgeval.[3]

Insurgensie het steeds in die Tetegebied uitgebrei en suidwaartse infiltrasie ter opening van 'n nuwe vierde front het begin plaasvind. Gedurende Junie 1973 vind 'n skielike toename in bedrywighede in die noord-ooste gelyktydig met vergroting van die druk op die vierde front plaas. Insurgente groepe tree op tot naby Rhodesië se oostelike grens, die

* Maj Verbeek is 'n dosent in Militêre Geografie aan die Militêre Akademie.

1. R.W. McColl: *The Insurgent State: Territorial Bases of Revolution*, Annals of the Association of American Geographers, Vol 59, No 4, Dec 1969, pp 613—631.

   R.W. McColl is 'n mede-professor in geografie en Oriëntalistiek aan die Universiteit van Kansas, Lawrence, V.S.A.


2. D.M. Abshire and M.A. Samuels: *Portuguese Africa, A Handbook,* New York, (1969), pp 401—402.

3. F.R. Metrowich: *Terrorism in Southern Africa*. Africa Institute of South Africa, Pretoria, (1973), p 37; R. Péllissier: *Mocambique Moves to Africa*, Geographical Magazine, Feb 1974, p 172.

hoofpad tussen Salisbury en Beira en in die omgewing van die Gorongosa-wildtuin.[4]

## Evaluasie van die Ruimtelike Ontwikkeling van Insurgente Basisgebiede

Politieke teenstand is nie gedurende die Portugese bewind geduld nie. Alle organisasies wat hulle vir onafhanklikheid beywer het, moes derhalwe ondergronds funksioneer. Dit is, volgens McColl, die begin van die territoriale fase van die revolusie en 'Once the need for a territorial phase becomes evident, the insurgents must choose a specific area for their activity'.[5] Die ideale insurgensiegebied het die volgende eienskappe:




**(Foto verwerk vir R. Péllissier: *Mocambique Moves to Africa.* Geographical Magazine, February 1974, p 172).**
**Insurgente gebiede in Mosambiek (Kaart 1)**

a. Vroeëre ondervinding in revolusie of politieke opposisie teen die sentrale regering.
b. 'n Gebrek aan politieke stabiliteit op alle vlakke.
c. 'n Ligging wat toegang bied na belangrike militêre en politieke teikens soos provinsiale hoofstede, streekstede, kritieke hulpbronne en vervoerdienste.
d. 'n Gebied met swak of onsekere politieke beheer soos grenslyne tussen polisie en militêre gebiede, asook internasionale grense.
e. 'n Terrein wat gunstig is vir militêre operasies en persoonlike veiligheid.
f. 'n Gebied met 'n groot mate van ekonomiese selfstandigheid [6]

McColl gaan voort deur te verduidelik dat elke land oor gebiede beskik wat minstens oor 'n paar van die kriteria beskik. Die belangrikste onmiddellike fisiese oorweging gedurende die beginfase is dat die gebied genoegsame ruimte moet laat vir beweging en skuiling teen teeninsurgente magte.

## Basisgebiede in Mosambiek

a. Die logiese teiken vir suksesvolle insurgensie in Mosambiek sou die stedelike sentra wees en dan veral Sofala en Maputo, wat kernstede, en ook die sentra van politieke mag, is. Kernstede verskaf 'n korrelasie tussen politieke bevolkings en hoof-politieke teikens. Ook is dit uitstekende propagandasentra.[7]

b. In die suidelike plattelandse gebiede is die algemene peil van opvoeding hoër en die bevolking baie meer politiek-bewus. Die terrein in die suide was egter nie geskik vir die ontwikkeling van 'n basisgebied nie. Portugese beheer was hier beter terwyl die fisiese gesteldheid van die terrein nie so gunstig soos in die noorde was nie. In hierdie verband moet daar ook in gedagte gehou word dat die Portugese ondervinding in ander gebiede hulle op die hoede geplaas het. Hulle het dus vroeg begin met voorbereidings om enige insurgensie te bekamp.[8]


c. In die lig hiervan was die hulp en basisgebiede wat Tanzanië aan Frelimo aangebied het, van onskatbare waarde. Voorts het die ligging van die Makondestam oor die grens 'n gerieflike infiltrasieroete gebied en die vyandigheid van die Makonde jeens die Portugese is uitgebuit om hulle steun vir die insurgente poging te werf. 'n Verdere voordeel ten gunste van die Cabo Delgado-distrik is, dat dit ver van die Portugese administratiewe kerngebied geleë was, dig bebos en ook op die rand van die eskarp is. In hierdie gebied was Portugese beheer nie goed nie en die terrein het skuiling aan die terroriste gebied.[9]
'n Soortgelyke situasie was van toepassing op die Nyanja-gebied in Niassa waar die stam ook aan weerskante van die grens met Malawi geleë is. Portugese beheer was ook in hierdie gebied swak. Infiltrasie was suksesvol en uitbreiding het suidwaarts plaasgevind.

---

4. F.R. Metrowich: *op.cit.*, p 34.
5. R.W. McColl: *op.cit*, p 616.
6. *Ibid.*, p 618.
7. Raymond J. Barret: *Urbanization in the developing countries*, Military Review, March 1973, pp 19—20.
8. D.M. Abshire and M.A. Samuels: *op.cit.*, p 420.
9. *Ibid.*, p 421.

## Ontwikkeling

In bogenoemde gevalle is uitbreiding suidwaarts deur die getalryke Makuastam en suksesvolle teeninsurgensie gestuit. Verhoudings tussen die Makonde en die Nyanja enersyds en die Makua andersyds was nie goed nie en die tradisionele vyandskap het infiltrasie aan bande gelê. Hierby moet ook die effektiewe optrede van die veiligheidsmagte in gedagte gehou word. 'n Skaakmatsituasie tussen die insurgente en die teeninsurgente is bereik wat tot 1970 geduur het toe 'n groot Portugese offensief groot welslae behaal het. Die insurgente is groot nederlae toegedien, maar nie uitgewis nie.[10] Die insurgente is gedwing om 'n verdere front te open en die Teteprovinsie wat aan Zambië grens, is toe gekies. Hierdie gebied was swak ontwikkel, onherbergsaam en afgeleë en die grens met Zambië was geen hindernis nie. Die Maravibevolkingsgroep het die menslike basis vir infiltrasie voorsien. 'n Ander belangrike rede vir die opening van die derde front was die teenwoordigheid van die Cabora Bassaskema wat 'n Portugese prestigesimbool van teeninsurgensie geword het. Verder sou 'n nuwe front die druk op die Portugese magte verhoog. Die opening van die vierde front suidwaarts verteenwoordig 'n poging van Frelimo om sy basisgebiede met die teikengebiede (stedelike sentra) te verbind, om die Makuastam te omvleuel en om kontak met die meer suidelike en meer polities bewuste groepe te maak. Ook het die ontwikkeling die druk op die Portugese magte verder verhoog.[11]




**(Foto verwerk uit D.M. Abshire en M.A. Samuels: *Portugese Africa. A Handbook,* (New York, 1969) p 124).**
**Bantoestamme in Mosambiek (Kaart 2).**

## Beheer

a. Gedurende 1966 tot 1970 was die posisie in die noorde redelik onveranderd. Die teeninsurgente het sekere basisse en gefortifiseerde dorpies onder hulle beheer gehad, terwyl die res van die gebied deur die insurgente beheer is. R. Péllissier[12] meld dat Frelimo aanspraak gemaak het op die feit dat binne die insurgente gebiede daar 'n groot mate van Frelimo-beheer was, soos die bestaan van winkels, skole, kasernes en politieke organisasie bewys het. Terselfdertyd word daarop gewys dat Frelimo daarop aanspraak gemaak het dat hy die hele noordelike gebied beheer en so bevry het.

b. Wat die posisie voor 1970 ookal was, het die situasie drasties gedurende die somer van 1970 verander deur 'n suksesvolle teeninsurgensie-offensief in die noorde.

c. Wat egter dui op die ontwikkeling van werklike Frelimo-basisgebiede voor 1970 is die aanspraak van die Portugese dat hulle gedurende die offensief 12 000 mense uit die beheer van die Frelimo bevry het. 'The insurgent attempts to establish fixed bases as soon as the geopolitical conditions are favourable. Once established in a fixed area a guerilla base becomes a core area of the insurgent movement'.[13] Dit wil tog voorkom of Frelimo voor 1970 daarin geslaag het om die 'core area of the movement' te stig. Die sukses van die ontwikkeling van die kern-areas word bevestig deur die feit dat in 1973, na die suksesvolle optrede deur die Portugese, insurgensie weer in die Noorde toegeneem het en dat Péllissier[14] die volgende raming van die posisie van Frelimo maak:

| Distrik | Aktiewe Insurgente | Gewapende Milisie | Bevolking onder Beheer |
|---|---|---|---|
| C Delgado | 3 500 | 1 000 | 60 000 |
| Niassa | 800 | – | 50 000 – 60 000 |
| Tete | 2 000 | 500 | 30 000 |
| TOTAAL | 6 300 | 1 500 | 140 000 |

10. F.R. Metrowich; *op.cit.*, p 73.
11. R. Péllissier: *op.cit.*, p 173.
12. *Ibid.*, p 172.
13. R.W. McColl: *op.cit.*, p 621.
14. *Ibid.*

d. **Vordering.** Dit wil dus voorkom of Frelimo tot en met 1973 werklike vordering getoon het in die stryd. Dit is af te lei van die feit dat hy daarin geslaag het om suidwaarts tot naby sy teikengebiede te infiltreer. Die ruimtelike uitbreiding het dus volgens plan verloop.

**Finale Fase.** Daar is aanduiding dat die insurgensie nie net tot sporadiese aktiwiteite gelei het nie, maar dat daar werklik oorgegaan is tot die stigting van insurgensie-kerngebiede. Verder, 'As the size of geographic areas actually controlled by the insurgent expands it becomes necessary to change the emphasis of action from a purely military orientation to a more political one. It is at this point that the insurgent state is created.'[15] Op hierdie kritieke tydstip vind die revolusie in Portugal plaas. Frelimo tree snel op en konsolideer die greep op gebiede onder sy beheer. So word Frelimo die enigste *de facto* gesag wat die nuwe Mosambiek kon beheer en sodoende die insurgente staat tot sy volle ontwikkeling kon voer.

**Die toekoms.** Die laaste fase naamlik die politieke fase het egter baie vinnig plaasgevind voordat al die stamgebiede geïnfiltreer is en polities geaktiveer is. Dit sal meebring dat tradisionele vyandskappe steeds 'n groot rol sal uitoefen op die stabiliteit van die staat. Dit is ook te betwyfel of Frelimo gereed was om op so 'n kort kennisgewing die bestuur van die land te kon oorneem. In hierdie lig gesien sal, net soos in die geval van Angola, eksterne hulp nodig wees om die regime staande te hou.

15. R. Péllissier: *op.cit.*, p 175.

16. R.W. McColl: *op.cit.*, p 630.